**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0043 | 981003276 | 45 | 3730 |

DIE BURGER Jg. 84 Nr. ........ P. 17 Dat. 3 OCT 1998

# Lesotho eise 'waarskynlik nie betaal'

KAAPSTAD. – Dit is onwaarskynlik dat Suid-Afrikaanse versekeraars baie eise sal moet uitbetaal as gevolg van die onlangse verliese aan infrastruktuur en goedere in Lesotho.

Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Versekeraars (SAIA), wat 58 versekeraars in die land verteenwoordig, sê geen van sy lede is geregistreer om versekering in Lesotho te onderskryf nie.

Mev. Caroline da Silva, SAIA woordvoerder, sê die vereniging is in 1992 deur die Lesotho Central Bank – wat versekering in dié land reguleer – in kennis gestel dat wetgewing Suid-Afrikaanse versekeraars verbied om daar sake te doen tensy hulle daarvoor geregistreer is.

Sover bekend is slegs twee maatskappye, The Lesotho National Insurance Company en Alliance, vir dié doel geregistreer.

Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Spesiale Risiko-versekering (Sasria) verleen slegs dekking binne die landsgrense en is dus nie betrokke by eise wat weens die konflik in Lesotho kan ontstaan nie.

Volgens SAIA sal dekking teen onrus, stakings en kwaadwillige skade soms wel as 'n verlengstuk van plaaslike polisse vir Lesotho beskikbaar wees. 'n Klousule wat oorlogsrisiko's ingevolge alle polisse van dekking uitsluit, kan egter op alle eise uit Lesotho van toepassing wees.

Da Silva het aan SakeBurger gesê versekeraars sal elke eis op meriete oorweeg. Tot dusver is relatief min eise ontvang wat met die konflik in Lesotho verband hou.

TREFWOORDE
1 Sake Burger
2 Organisasies
3 versekering
4 kommentaar
5 eise
6 Lesotho
7 opstande
8
9
10